

26 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 6:1-7

Fokusgedeelte: Handeling 6:7

Hoe groei die saad?

Daar waar die Woord van die Here op die voorbereide harte van mense val, daar vind groei plaas. Soms is daar egter groeipyne en ook die vroeë kerk het hierdie groeipyne beleef. Die apostels en gelowiges het saamgekom om 'n probleem te hanteer. Die uiteinde was dat die probleem uitgesorteer is, en daar is weereens beklemtoon hoe belangrik die verkondiging van die Woord is.

In hierdie konteks kom Lukas en gee in vers 7 vir ons 'n tipe vorderingsverslag (sien ook 9:31; 12:24; 16:5; 19:20; 28:31). Die saad, wat sy oorsprong in die Here het, groei geweldig. Soveel om voor dankbaar te wees. Beleef ons hierdie blydschap wanneer ons die groei in die kerk van die Here beleef? Dalk sien ons nog nie die groei in ons eie gemeente nie, maar in Suid-Afrika en ook wêreldwyd groei die kerk van die Here wel.

In die laaste sin van vers 7 hoor ons by Lukas iets van 'n verwondering oor God se almag. Dalk lees 'n mens so vining oor hierdie laaste sinnetjie. Ons hoor Lukas sê dat selfs priesters se harte verander is. En wys dit nie juis die Here krag en almag nie? Dieselfde Fariseërs waarna Jesus verwys as "huigelaars" (Matt. 24) se harte word ook nou deur die Heilige Gees verander.

So gee die Here die versekering dat geen verharde hart in sy pad staan as daar nuwe lewe moet ontspring nie. Op ons knieë kan ons bly bid vir ons eggenoot, kind, familielid of vriend wie se hart nog nie verander het nie. Maar bo alles kan ons die Here dank vir die werk wat Hy elke dag in my hart doen. En hierdie werk sluit soms die onmoontlike in.

Sing: Psalm 65:7 (1936)

Ds. W (Werner) van den Heever (Vryheid)